Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 12

12 April 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

PA-EN-SEUNKAMP : 26 – 27 APRIL 2024
Ons is baie opgewonde oor ons Pa-en-Seunkamp wat hier by ons Geraldstraat-sportgronde vanaf 17:30 op 26 April tot 10:00 op 27 April gaan plaasvind. Meer inligting is op klasgroepe gedeel en ook op die D6-kommunikeerder vir u aandag gelaai.

KOSPAKKIES
Ons wil u vriendelik vra om vir u kind 'n goed gebalanseerde kospakkie skooltoe in te pak. Om werklik hul beste te gee moet die leerlinge goed eet. Ons versoek u ook vriendelik om die kospakkies saam met die leerlinge te stuur en dit nie voor pouse by die sekretaresses af te lewer nie. Dit skep net probleme.

KOMMUNIKASIE MET OPVOEDERS
Dit is vir ons uiters belangrik dat daar oop en duidelike kommunikasiekanale tussen ouers en opvoeders bestaan. Ongelukkig het die opvoeders nie altyd die tyd om lang briewe te skryf nie en is dit ook soms moeilik om dadelik terug te skakel as gevolg van 'n vol program. Die maklikste is om 'n briefie saam met u kind te stuur waar u die aangeleentheid onder die opvoeder se aandag bring. Indien nodig, sal die opvoeder dan op een of ander wyse met u kontak maak.

Indien dit vir u baie belangrik is dat 'n opvoeder u kontak, reël dit asseblief deur die kantoor. U kan inbel en dit versoek of 'n e-pos stuur waarin u dit versoek. Indien u dan nie binne 2 dae reaksie ontvang het nie, kontak my asseblief direk. Opvoeders mag, soos dit hul pas, ander informele wyses van kontak met u bespreek het. U is welkom om daarmee voort te gaan. Wees asseblief billik in u eise. Onthou die opvoeders het 'n vol program en ook 'n privaatlewe, moet hulle dus nie by hulle huise probeer kontak na 18:00 nie. Hulle SAL u betyds kontak indien u kind 'n groot probleem het. Let wel, die kommunikasiekaart is 'n belangrike eerste lyn van kommunikasie vanaf die opvoeder aan u.

OUERS OP SKOOLTERREIN
Vir sekuriteitsredes versoek ons alle ouers om hulle kinders soggens wanneer u hulle aflaai, buite die skool af te sien. Ons wil verhoed dat vreemde persone ons terrein betree, want die veiligheid van ons kinders is belangrik. Baie dankie vir u samewerking.

NELSON MANDELA METRO NETBALPROEWE : RONDTE 2
Hartlik geluk aan die onderstaande leerlinge wat deurgedring het na die 2de rondte van die Nelson Mandela Metro netbalproewe wat op Maandag, 15 April by Laerskool Verkenner plaasvind:

0/12	0/13
Lisa Scheepers	Kaelynn Basson
Marli Stander	Chené Koekemoer
Miané Taylor	Chanel Schoultz

TOELATING 2025: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 sal ‘n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 15 April	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Netbal : 0/12A teen Blouwaterbaai **(w)** Netbal : 0/13A teen Blouwaterbaai **(w)** **Netbalproewe** : 0/12 en 0/13 (2de rondte) **(w)**
Di – 16 April	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Kuns : graad 2 en 3 **14:00 tot 15:15** Kuns : graad 4 **14:15 tot 15:30** Finansiële komitee vergadering : **17:00**
Wo – 17 April	:	***Juffrou Adele Geldenhuys verjaar** Junior Koor: **07:30 tot 08:00** Klerewinkel: **12:00 tot 14:30** Radikale redenaars : Inskrywings sluit Rugby : 0/9A teen Grey **(t)** Rugby : 0/11A teen Grey B **(t)** Rugby : 0/11B teen Grey 0/10B **(t)** Rugby : 0/13A teen Grey B **(t)** Rugby : 0/13B teen Grey 0/12B **(t)**

Do – 18 April	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Kuns: Graad 5 – 7 **14:15 tot 15:30** Netbal: 0/9A teen Blouwaterbaai **(w)** Netbal: 0/10A teen Blouwaterbaai **(w)** Netbal: 0/11A teen Blouwaterbaai **(w)**
Vr – 19 April	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** **Speletjiesdag**
So – 21 April	:	*** Me. Michey du Preez verjaar**

SPORT EN KULTUUR

PE CITY OPENDAY (GREY) – RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
10 April	0/11A	Altona	LNP verloor 10 – 22
10 April	0/13A	Altona	LNP wen 25 – 5

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
11 April	0/9A	Diaz	LNP wen 12 – 0
11 April	0/10A	Diaz	LNP wen 5 – 3
11 April	0/11A	Diaz	LNP wen 6 – 1

SKAAK

Amelie Kapp in graad 2A en Sebastian Kapp in graad 6H is beide verkies om aan die SA junior skaaktoernooi in Johannesburg deel te neem. Hulle gaan einde April die Oos-Kaap gaan verteenwoordig in hulle verskeie ouerdomsgroepe. Ons wens hulle alle sterkte toe!

KARATE

Jayden Gouws en Annique du Toit in graad 5S sowel as Talinaya van Rensburg in graad 3S het Saterdag 6 April aan Eagles Karate kompetisie deelgeneem en die volgende prestasies in hul afsonderlike afdelings behaal:

- Jayden : 2de plek (silwer) – kata
- Annique : 3de plek (brons) – kata
- Talinaya : 1ste plek (goud) – kata en kumite

Baie geluk, julle!

KARATE
Talinaya van Rensburg in graad 3S het op 10 April haar geel-een belt verwerf met haar karate gradering. Baie geluk, Talinaya!

STOEI
Matthew Rosslee in graad 3B het op 16 Maart aan die Algoa Park stoeiklub se ope dag deelgeneem en ‘n 1ste plek behaal in sy ouderomsgroep. Hy het ook op 23 Maart aan die Mosselbaai stoeiklub se ope dag deelgeneem en ’n 1ste plek in die skole 0/9 groep behaal. Baie geluk met hierdie prestasies, Matthew!

SWEM
Mia Strydom in graad 7D het op 4 tot 6 April aan die 2024 SA Streek Vlak 2 swemkampioenskappe te Oudtshoorn deelgeneem en uitstekend presteer. Haar resultate was as volg:

- 100m vryslag – Goud
- 200m individuele gemengde slag – Goud
- 200m vryslag – Goud
- 50m vryslag – Goud
- 4 x 100 vryslag aflos – Goud
- 4 x 50m vryslag aflos – Goud
- 4 x 50m gemengde aflos – Goud
- 50m vlinderslag – Brons

Hartlik geluk, Mia!

BALLET

Ané Spangenberg in graad 4D het verlede jaar haar ballet eksamen by Royal Academy of Dance met lof geslaag. Baie geluk, Ané!

JUDO

Dentin Maritz in graad 3S het op 6 April aan die Nelson Mandelabaai distrik ope Judo kompetisie deelgeneem het ‘n silwer medalje verwerf. Baie geluk, Dentin!